# Les 11 JESUS IS VANDAG NOG ‘N MENS IN DIE HEMEL

## 1. Hemelvaartdag

Ons vier Hemelvaartdag na Paasfees!  Wat het op Hemelvaartdag gebeur?

Jesus het opgevaar na die Hemel toe!

Wat beteken die woord ‘vaart’? Dit beteken om op ’n reis te gaan.  Dit is om van een plek na 'n ander plek te gaan. ‘Hemelvaart’ beteken dat Jesus vanaf die aarde na die Hemel toe gegaan het.

## 2. Wie het Hemel toe gegaan?

Jesus as mens!

### ’n Baba nes ander babas

Kom ons lees Gal. 4:4 en 3:16:

*“ 4 Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit ’n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe”*

Jesus is uit Maria gebore as 'n gewone menslike baba.  Dit sê  Paulus in Gal. 4: *" ...Hy is uit 'n vrou gebore…"*.  Jesus was  'n baba net soos enige ander baba, en Hy het 'n ma gehad net soos enige ander baba.

Ons bely dit elke Sondag in die Evangelie: "wat gebore is uit  die maagd Maria."

### ’n Kleinkind nes enige ander kleinkind

Kom ons lees Gal 3:16:

*“16 God het sy beloftes aan Abraham en aan sy nakomeling gegee. Daar staan nie “aan nakomelinge”, meer as een nie, maar: “en aan jou nakomeling”, net een, en hierdie nakomeling is Christus.”*

Paulus wys dat Jesus 'n agterkleinkind  van Abraham was. Hy  sê Jesus is Abraham se "nakomeling" (Gal. 3:16). ‘Nakomeling’  beteken kind of kleinkind of agter-agterkleinkind. Abraham was Jesus se oor-oor-oupagrootjie. Jesus was ’n kleinkind vir Sy oupas en oumas, nes enige ander kleinkind.

### Nie ’n spook, engel of ’n goddelike wese nie

As 'n baba gebore word uit 'n vrou en hy is iemand se kleinkind, kan die baba 'n spook, 'n gees, 'n engel, of God in die  vorm van 'n baba wees?

Het julle al ooit gehoor van 'n ma wat  'n gees of 'n engel as baba gekry het? Het  julle al gehoor van ’n oupa wat graag ’n spokie of ’n gesie wil hê?  Jesus was eers 'n baba, toe 'n seuntjie, toe 'n tiener, toe  'n jongman en toe 'n grootmens, nes ons.

Hy was nie 'n spook, 'n gees, 'n engel, of God in die vorm van 'n baba of 'n grootmens nie. Alles wat met babas, kinders, tieners en grootmense se liggame, hulle lewe, hulle persoonlikheid en hulle verstand gebeur, het met Jesus ook gebeur.

Wie het Hemel toe gegaan? Jesus, wat 'n gewone mens op aarde was, net soos ons gewone mense op aarde is!

**3. Die naam Jesus sê dit alles!**

Ons kry ons name as ons gedoop word. Die besnydenis van seuntjies in die Ou Testament het net soos ons doop gewerk. Jesus het met Sy besnydenis as baba ook Sy naam gekry. Die naam wat Hy gekry het, was "Jesus".

*"[21] Ag dae later, toe dit tyd was om die Kindjie te besny, het Hy die naam Jesus gekry, die naam wat deur die engel genoem is nog voordat Hy in die moederskoot ontvang is. [22] Toe die reinigingstyd soos deur die wet van Moses bepaal, vir hulle verby was, het hulle Hom na Jerusalem toe gebring om Hom tot beskikking van die Here te stel. [23] In die wet van die Here staan immers geskrywe: "Elke eersteling van die manlike geslag moet vir die Here afgesonder word."* (Lukas 2: 21-24)

Die naam "Jesus" is 'n eienaam, net soos ons eiename: Danie, Bertie, Rina of Susan. Elke keer as ons die naam lees, dan weet ons hier gaan dit nie oor 'n engel, 'n gees of 'n goddelike gedaante nie, hier gaan dit oor 'n persoon wat mens is.

Die skrywer van die boek Hebreërs stel dit só:

*"[16] Dit is duidelik dat dit vir Hom nie om die engele gaan nie, maar om die nageslag van Abraham. [17] Daarom moes Hy in elke opsig aan sy broers gelyk word, sodat Hy ʼn barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen."* (Hebreërs 2)

God wil nie engele of spoke en geeste red nie. Hy wil Abraham se kinders en kleinkinders red. Abraham se kinders en kleinkinders tot vandag toe, is nie engele, spoke, geeste of goddelike wesens nie. Hulle is mense!

Daarom het Jesus een van ons geword – mense van vleis en bloed! Mense met ʼn liggaam en ʼn siel!

**4. Wanneer is Jesus Hemel toe?**

Na Sy kruisiging en begrafnis!

Paulus vertel ons in die brief Galasiërs dat Jesus eers gekruisig is, toe dood is. In Galasiërs 3:20 sê hy Jesus het Sy lewe afgelê, en vanaf hoofstuk 3 beskryf hy die kruisiging van Jesus.

Dit het regtig gebeur.

Jesus is deur die Romeine op die heuwel Golgota net buite Jerusalem, gekruisig in die jaar 30 n.C. Galasiërs 3:13:

*"Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word. Daar staan naamlik geskrywe: "Vervloek is elkeen wat aan 'n hout opgehang is."*

Elke jaar het ons 'n vakansiedag met die naam "Goeie Vrydag". Dit is op hierdie Vrydagmiddag laat, wat Jesus dood is aan die kruis.

As 'n mens dood is, is jy dood. Jou hart en bloedsomloop gaan staan, jou liggaam se selle begin dadelik ontbind en jou siel verlaat jou liggaam. Binne 'n paar uur verstyf die lyk. Dit is al die gasse wat die liggaam so laat swel. Doodgaan beteken 'n mens word 'n lyk.

## 5. Hoe kan iemand wat doodgegaan het as ’n mens, Hemel toe gaan?

Jesus het doodgegaan. Dit het régtig met Jesus gebeur. Daarom moes hulle Hom so gou begrawe, want 'n lyk ontbind vinnig in die hitte. Paulus leer ons dat Jesus Hemel toe is na Sy dood.

Hoe kan dit gebeur dat iemand wat dood is, Hemel toe gaan? Lees 'n bietjie Gal. 1:1 en 2:

*" Dat ek 'n apostel is, dank ek nie aan mense nie. Ek is ook nie deur 'n mens aangestel nie, maar deur Jesus Christus en deur God die Vader wat Hom uit die dood opgewek het."*

Wat het die Vader met Jesus gedoen op die Sondagoggend nadat Hy die Vrydagmiddag dood is? Hy het Hom uit die dood opgewek! Jesus het opgevaar na die Hemel na Sy dood as 'n lewende mens.

Dooie mense kan nie reis of op 'n tog gaan nie. Hulle kan nie beweeg nie. Jesus is Hemel toe omdat Hy uit die dood opgewek is.

## 6. Watse tipe mens was die Jesus wat Hemel toe is?

### 6.1 Paulus en Lukas vertel dieselfde oor Jesus se opstanding

Paulus het baie predikante gehad wat saam met hom die Evangelie verkondig het in Palestina, Turkye en Griekeland. Een van hierdie medeleraars van Paulus, was Lukas.

In 2 van Paulus se briewe noem hy Lukas as sy medeleraar:

1. Filemon vers 23, 24: *"Epafras, wat saam met my ter wille van Christus Jesus 'n gevange is, stuur vir julle groete; 24 ook my medewerkers Markus, Aristargos, Demas en Lukas stuur groete."*

2. Kol. 4: 14*: “Lukas , die dokter wat ek baie liefhet, en Demas stuur vir julle groete.”*

Hierdie dokter, Lukas, het twee boeke geskryf in die Nuwe Testament: Lukas en Handelinge. Wat Lukas gepreek het, het hy by Paulus geleer.

Hoe berig Lukas hierdie opstanding van Jesus uit die dood? Wie was die Jesus wat Hemel toe is volgens Paulus se medewerker, Lukas?

### 6.2 Lukas se berig oor Jesus wat uit die dood opgewek is

Lees Lukas 24:36 – 49:

*"36 Terwyl hulle nog oor hierdie dinge praat, staan Jesus self meteens daar tussen hulle en sê vir*
*hulle: "Vrede vir julle!" 37 Hulle het geweldig geskrik en bang geword en gedink hulle sien 'n gees.*
*38 Hy sê toe vir hulle: "Waarom is julle so verskrik, en waarom kom daar twyfel in julle harte? 39*
*Kyk na my hande en my voete: dit is tog Ek self. Voel aan My en kyk! 'n Gees het tog nie vleis en*
*bene soos julle sien dat Ek het nie." 40 Terwyl Hy dit sê, wys Hy vir hulle sy hande en voete. 41 Toe*
*hulle van blydskap en verwondering nog nie kon glo nie, sê Hy vir hulle: "Het julle hier iets om te*
*eet?" 42 Hulle gee Hom toe 'n stuk gebakte vis. 43 Hy het dit gevat en voor hulle oë geëet. 44 Daarna*
*sê Hy vir hulle: "Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle*
*was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en psalms oor*
*My geskrywe is." 45 Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan. 46 Verder sê Hy vir hulle:*
*"So staan daar geskrywe: 'Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, 47 en in*
*sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem*
*af en verder.' 48 Julle is getuies van hierdie dinge."*

1. Hierdie verskyning van Jesus vind plaas die Sondagaand nadat Hy Vrydagmiddag begrawe is.
2. Lukas sê terwyl hulle nog so staan en praat, toe staan Jesus tussen hulle en sê vir hulle: "Vrede vir julle!"
3. Wie van julle was al by 'n begrafnis? Wat sal julle doen as julle Vrydagmiddag by die begrafnis was, en Sondagaand sê die een wat begrawe is, vir jou: "Vrede vir jou"?
4. Sal jy vol vrede wees, of boeglam geskrik wees?
5. Kyk hoe het die dissipels van Jesus gereageer: hulle het geskrik, bang geword en gedink hulle sien 'n gees. Dit is presies net soos ons sal reageer as ons iemand sien by wie se begrafnis ons was.
6. Vrydag was Jesus 'n lyk, en nou staan Hy tussen hulle! Hoe?
7. Jesus sê vir hulle hulle moet aan Hom vat en voel en na Hom kyk.
8. Wat voel en sien hulle? 'n Gees, 'n engel, 'n spook of 'n goddelike gedaante? Kyk mooi wat sê Jesus vir hulle: *" 39 Kyk na my hande en voete: dit is tog Ek self. Voel aan My en kyk! 'n Gees het tog nie vleis en bene soos julle sien dat Ek het nie."* Jesus is Sondagaand 'n mens van vleis en bene. Daardie lyk wat Vrydag in die graf was, is Sondagaand weer lewend. Daarom is die graf leeg. (Lukas 24:5) Die engele vra die vroue hoekom soek hulle die lewende mens Jesus by dooies.
9. Jesus wys nie net Sy hande en voete vir hulle nie. Hy eet ook 'n stuk vis voor hulle oë. Hoekom? Terwyl hulle aan Hom gevoel en gevat het, kon hulle dalk gedink het dat Hy buite die vorm van 'n mens het, maar binne-in is Hy iets goddeliks of geesteliks. Daarom eet Jesus vis. As Hy vis eet, wat is in Sy binnekant? Dit is die ingewande van 'n mens. Dit is die spysverteringsstelsel van 'n mens.

### <u>7. Mens soos ons, maar nuut!</u>

Jesus is vandág nog 'n mens van vleis en bloed, met 'n liggaam en 'n siel, met 'n hart, siel en verstand soos ons. Maar omdat Hy uit die dood opgestaan het, is Hy nuut!

Hoe is Jesus nuut?

Paulus sê hoe Jesus nuut is, en hoe ons ook met Jesus se wederkoms nuut sal wees, in 1 Korintiërs 15:

*“[53] Hierdie verganklike liggaam moet met die onverganklike beklee word, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike. [54] En wanneer hierdie verganklike liggaam met die onverganklike beklee is, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike, dan sal die woord wat geskrywe staan, vervul word: “Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal.” [55] “Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou angel?” [56] Die angel van die dood is die sonde, en die sonde kry sy krag uit die wet van God. [57] Maar ons dank God dat Hy aan ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus.”*

Die liggame wat ons nou het, is verganklik. Dit beteken ons liggaam word oud, dit word siek, ons liggame verander elke tien jaar só dat jy glad nie meer dieselfde lyk nie.

Die liggame wat ons nou het, is sterflik. Dit gaan dood en alles val uitmekaar en word net weer stof.

Die nuwe liggaam wat ons sal hê nadat ons met Sy wederkoms uit die dood opgestaan het – is onverganklik en onsterflik. Hoe weet ons dit? Want dit is hoe Jesus se liggaam vandag is!

Al het Hy amper 2000 jaar gelede uit die dood opgestaan – is Hy vandag nog steeds ’n mens van vleis en bloed – want Sy liggaam is onverganklik en onsterflik.

Dis wat ‘nuut’ beteken – liggame van vleis en bloed wat onverganklik en onsterflik is.

## 8. Die Evangelie is: Jesus is vandag 'n mens in die Hemel!

Nou kan ons saamvat:

Wat beteken dit dat Jesus Hemel toe gegaan het?

Dit beteken net soos wat Hy op aarde 'n mens was, is Hy vandag 'n gewone mens in die Hemel. Al wat van Sy liggaam verander het, is dat Hy onsterflik en onverganklik geword het.

As iemand van Kaapstad na Johannesburg reis, is dit iemand anders wat in Johannesburg aankom, of presies dieselfde persoon wat uit Kaapstad weggegaan het?

Dit is presies dieselfde persoon!

Net so is dit met Jesus.

Hy was 'n mens van vleis en bloed na Sy dood, en Hy is vandag nog steeds 'n mens van vleis en bloed in die Hemel. Hy het nie in 'n gees, 'n spook, 'n engel of 'n goddelike wese verander toe Hy hemel toe gegaan het nie.

Hy het nie van die aarde af as 'n mens vertrek, en in die Hemel as iets anders aangekom nie. Dieselfde Jesus wat van die aarde af weg is, is nou in die Hemel – mens in die Hemel, net soos op die aarde.

**10. Vir volgende keer**

Ons het gesien Jesus was nie 'n gees, 'n spook, 'n engel of 'n goddelike mens nie. Hy was 'n gewone baba, kind, tiener, jongman en grootmens.

Hy is gekruisig, het gesterf, 'n lyk geword en toe weer lewend geword, net soos voor Hy dood is. Lees weer Luk. 24!

Hoe het Hy in die kamer gekom terwyl die deure toe was?

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

___________________________________

Handtekening: ouer of voog